



Provinsie van die  
**OOS-KAAP**  
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR**

**GRAAD 12 LEERDER  
ONDERSTEUNINGSPROGRAM**

**HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG  
INSTRUMENT:  
VRAE EN ANTWOORDE**

**VAK: AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL – TWEEDE VRAESTEL**

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 11 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets-/eksamendoeleindes nie.***

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

AFDELING A: Opstel (40)

AFDELING B: Langer transaksionele tekste (20)

AFDELING C: Korter tekste: Transaksionele-/Naslaan- /  
Informatiewe Teks (20)

- Beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING
- Skryf in die taal wat geassesseer word.
- Begin elke AFDELING op 'n nuwe bladsy
- Jy moet beplan (bv. 'n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
- Jy word sterk aanbeveel om 60 minute aan AFDELING A te bestee, 30 minute aan AFDELING B en 30 minute aan AFDELING C.
- Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genummer is.

LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

- Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

#### 1.1 DIE DAG TOE EK WEGGELOOP HET ... !



[Uit: *Image Library*]

Toe ons kinders was, het die meeste van ons op 'n stadium daaraan gedink om weg te loop van die huis af. Ons was miskien kwaad vir ons ouers omdat ons nie kon kry wat ons wou hê nie, of dalk kon ons nie doen wat ons wou nie.

Jy het ook eendag van die huis af weggeloop. Vertel waarom jy weggeloop het en wat alles gebeur het.


Hou die volgende in gedagte:

- Waarom het jy weggeloop en hoe het jy gevoel?
- Wanneer het jy weggeloop en waarheen het jy gegaan?
- Wat het jy alles saamgeneem?
- Wat het jy gedoen toe jy nie meer kos gehad het nie?
- Hoe lank het jy weggebly?
- Wat was die einde van die storie?

[40]

OF

## 1.2 MY EIE MOTOR!



[Uit: *Motor Beeld*, 14 Des. 2006]

Jy het lank gewerk en gespaar. Uiteindelik het jy genoeg geld bymekaar gemaak om jou droommotor te kon koop.

Jy onthou die dag toe jy by die garage uitgestap het, nadat jy die motor gekoop het. Die motor se sleutels was in jou hand.

Beskryf jou nuwe motor.

Hou die volgende in gedagte:

- Beskryf watter soort motor dit was en hoe dit gelyk het.
- Beskryf hoe die motor geruik het en hoe die geluid van die enjin vir jou geklink het.
- Beskryf waarheen jy eerste gery het en hoe jy gevoel het toe jy begin ry het.

[40]

OF

## 1.3 DAARDIE DAG WAS EK DIE GELUKKIGSTE MENS OP AARDE!

Jy het nog altyd daarvan gedroom om 'n kompetisie te wen en toe dit met jou gebeur, was jy die gelukkigste persoon op aarde.

Vertel van hierdie gelukkige dag.

Dink aan die volgende:

- Aan watter kompetisie het jy deelgeneem?
- Waarom het jy besluit om aan die kompetisie deel te neem?
- Hoe het jy gevoel toe jy hoor dat jy gewen het?
- Watter prys het jy gewen?
- Wat gaan jy met jou prys doen?

[40]

OF

**1.4 'n INTERESSANTE STORIE**

'n Interessante ding het in julle dorp gebeur. Almal praat nou daarvan. Daar was selfs op televisie en oor die radio iets oor die storie.

Vertel die interessante storie.


Hou die volgende in gedagte:

- Wat het gebeur?
- Waar het dit gebeur?
- Wanneer het dit gebeur?
- Wat was die mense in die dorp se reaksie?
- Wat is die gevolge van die interessante storie?

**[40]**

**OF**

**1.5 NELSON MANDELA – MY ROLMODEL**



Nelson Mandela is jou rolmodel. Beskryf nou wat hy gedoen het of nog steeds doen wat hom jou rolmodel maak.

Hou die volgende in gedagte

- Watter soort mens hy is.
- Watter kwaliteite hy het wat van hom 'n rolmodel maak.
- Een of twee belangrike dinge wat hy vir Suid-Afrika gedoen het.
- Iets wat hy vir die kinders van ons land gedoen het.

**[40]**

**OF**

## 1.6 SO TROU ONS IN MY KULTUUR



In ons reënboognasie is daar verskillende kulture en elke kultuur het sy eie tradisies. In Suid-Afrika trou ons nie almal op dieselfde manier nie.

Vertel ons hoe julle in julle kultuur trou.

Hou die volgende in gedagte

- Van watter kultuur is jy?
- Hoe vra die man of hy met die meisie mag trou?
- Wat moet die bruid alles voor die troue doen?
- Wat moet die bruidegom alles voor die troue doen?
- Hoe lyk die klere waarin hulle trou?
- Waar trou hulle en wie trou hulle?
- Wie betaal vir die troue?

[40]

OF

## 1.7 SIPHO SE VERHAAL

Sipho was eers 'n straatkind, maar hy het gedroom om iets goeds van sy lewe te maak. Daar was baie swaarkry en probleme, maar Sipho het uitgehou en sy doel bereik. Vandag is hy die bestuurder van 'n maatskappy.

Hou die volgende in gedagte

- Die omstandighede waarin Sipho grootgeword het.
- Waarom het hy 'n straatkind geword?
- Sy lewe as straatkind.
- Hoe het sy omstandighede verbeter?
- Hoe het hy bestuurder geword?

[40]

OF

**1.8 MY BROER OF SUSTER SE 21<sup>ste</sup> VERJAARSDAGPARTY.**

Jou broer of suster het sy/haar 21<sup>ste</sup> verjaardagparty gehad. Beskryf die party.

Hou die volgende in gedagte:

- Die plek waar die partytjie was.
- Hoe jou suster/broer en gaste gelyk het.
- Wat het jy alles by die partytjie gebeur.
- Waar was die partytjie en hoe het die plek gelyk?
- Beskryf wat julle almal by die partytjie geëet en gedoen het. **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE****VRAAG 2**

Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

**2.1 DIALOOG**

Toe jy kruideniersware gekoop het, het jy 'n blikkie vis gekoop. By die huis het jy gesien dat die blikkie se deksel baie geroes was en jy het dit teruggeneem winkel toe. Die persoon by klantediens, waar items omgeruil word, was onvriendelik en wou jou nie help nie. Jy het gevra om met die bestuurder te praat.

Skryf jou gesprek met die bestuurder in dialoogvorm neer.  
Begin só:

Bestuurder : Goeiedag. Waarmee kan ek help?

Jy : Goeiedag, Meneer. Ek wil ...

**[20]****OF****2.2 INFORMELE BRIEF**

Een van jou klasmaats het vroeg vanjaar met 'n studiegroep begin. In dié werkgroep het julle saam studeer en mekaar gehelp. Jou maat was die leier en het altyd alles gereël.

Jy het baie goed in jou eerste eksamen gevaar en jy weet dat dit die studiegroep is wat jou daarmee gehelp het.

Skryf nou 'n brief aan jou maat. Vertel hom/haar van jou goeie uitslae en bedank hom/haar vir alles wat hy/sy as leier van die studiegroep gedoen het.

**OF****2.3 VERSLAG**

Julle Afrikaansklas het 'n uitstappie na die plaaslike universiteit/kollege gereël om daar meer uit te vind oor julle vak, Afrikaans, en ook watter studierigtings julle moontlik kan volg. Jy was die leier van die groep. Na die uitstappie moes jy 'n verslag skryf oor wat julle alles gedoen en beleef het.

Hou die volgende in gedagte:

- Op watter dag het julle gegaan, waar is hierdie universiteit/kollege en hoe laat het julle daar aangekom?
- Wat het julle van jul vak, Afrikaans, geleer?
- Waarvoor kan julle volgende jaar verder gaan studeer?
- Hoe was die rit/reis terug na julle eie skool toe?

**[20]**



**OF**

**2.4 BRIEF AAN DIE PERS**

Daar was onlangs landwye stakings deur taxi-eienaars en -bestuurders omdat hulle nie tevrede is met die nuwe busdiens wat die regering wil instel tydens die 2010-Wêreldbekersokkertoernooi nie.

Hierdie stakings het somtyds tot geweld gelei.

Skryf 'n brief aan die Redakteur van **Rapport** om jou opinie oor hierdie stakings te gee.

Gebruik die volgende adres: Posbus 182, Pretoria, 0001 **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: KORTER TEKSTE: TRANSAKSIONELE-/NASLAAN-  
/INFORMATIEWE TEKS**

**VRAAG 3**

Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

**3.1 ADVERTENSIE**

Daar is baie sangtalent in Suid-Afrika. Jy het om besluit 'n Akademie te begin waar belangstellendes hulle sangtalent en musiekkennis verder kan ontwikkel.

Skryf nou 'n advertensie om hierdie Akademie te adverteer.

Noem die volgende:

- Die volle naam van die Akademie.
- Die adres van die Akademie.
- Wat die Akademie alles doen.
- Hoeveel dit sal kos.
- Hoe dikwels persone klasse behoort by te woon.

**[20]**

**OF**

**3.2 UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jou suster se seuntjie word oor 'n paar weke ses jaar oud. Jy moet nou die UITNODIGINGSKAARTJIE vir sy verjaardagpartytjie ontwerp. Verskaf al die nodige inligting.

Dink veral aan die volgende:

- Tyd: Wanneer en hoe laat die partytjie plaasvind.
- Plek: By wie se huis of watter plek dit gehou sal word.
- Tema: Gee 'n goeie verduideliking van die tema.
- Kleredrag: Verduidelik hoe die kleredrag by die tema aansluit.
- Toesig: Verduidelik watter tipe toesig daar gereël sal word.
- Aktiwiteite: Verduidelik drie aktiwiteite wat aangebied sal word.

**[20]**

**OF**

### 3.3 INSTRUKSIES/WENKE/RAAD

Skryf TIEN wenke neer hoe om brande in plakkerskampe te voorkom.  
Elke wenk moet uit ongeveer 8 woorde bestaan.

Begin so:

1. Moenie vuur in die huis maak nie.
2. ...

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**